



GRAAD 11 EKSAMEN
NOVEMBER 2007

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I
LEESVRAESTEL**

Tyd: 2½ uur


100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Skryf die nommer van elke vraag bo-aan.
 4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
 5. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit.
 6. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
-

HEG BETEKENISWAARDE AAN TEKS**AFDELING A LEESBEGRIP****VRAAG 1**

Lees die onderstaande koerantartikel deur en beantwoord daarna die vrae wat daarop volg.



Kerklid wen 'n begrafnis

PEET VAN AARDT
Johannesburg

'n Gelukkige Gautenger is 'n begrafnis ryker.

By die Randburgse Metodistekerk het iemand gister weggeloop met dié prys ná die kerk se jaarlikse basaar.

Vir net R10 kon mense 'n loterykaartjie koop om een van drie wonderlike pryse te wen.

Die eerste prys was 'n begrafnis van R8 000.

Die ander pryse wat op die spel was, was 'n naweek vir tien by 'n oord in Ficksburg en 'n vakansie in Cullinan.

Maar die begrafnis was die grote, en nadat dit gister baas gekry het, moes die ander hoopvolles maar hul hoop begrawe.

“Die begrafnis is 'n groot prys. Begravnisse kos deesdae 'n fortuin,” sê mnr.

Mike Colligne van Collinge & Co.-begravnisonderne-mers, wat die prys geborg het.

Oor dié eienaardige prys sê Collinge: “Daar is niks daarmee verkeerd nie. Baie maatskappye gee wat hulle kan.

“Ons begravnisonderne-ming is ook 'n sakeonderne-ming, en ons wou iets vir die gemeenskap gee.”

Wat hulle gee, is 'n kis en dienste soos die voorbereiding en vervoer van die oordene, begravnisreelings en 'n doodsertifikaat.

Wat hulle nié gee nie, is blomme, 'n orrelis en anderderdepartykoste soos dié van die begraafplaas.

“Want ons wil nie vir die wenner dikteer hoe hy of sy die begrafnis moet hou nie,” sê Collinge.

Dit is die eerste keer dat dié begravnisonderne-mer 'n begrafnis weggee.

Maar blykbaar is nie almal ingenome met die begrafnis-lotery nie.

“Die hele begravnisprys is verkeerd geïnterpreteer,” het me. Norma Argall van die Metodistekerk, vies gesê toe Rapport haar oor die ongewone eerste prys uitgevra het.

“Ons biskop is effe vies oor al die aandag wat hierdie dag kry. Al wat ons wil doen, is om 'n dag vol pret te hê.”

Sy wou nie sê hoeveel loterykaartjies vir die begrafnis verkoop is nie.

[Uit Rapport: 8 Oktober 2006]

- 1.1 **"Vir net R10 kon mense 'n loterykaartjie koop om een van drie wonderlike pryse te wen."**
- 1.1.1 Sê in jou EIE WOORDE waarom die eerste prys nie as 'wonderlik' beskryf kan word nie. (1)
- 1.1.2 Watter een van die pryse sou jý graag wou wen? Gee 'n goeie rede vir jou antwoord. (2)
- 1.2 'Maar die begrafnis was **die grote.**' Sê in jou eie woorde wat die skrywer met die woorde '**die grote**' bedoel. (1)
- 1.3 Verduidelik die humor in die woorde: '**moes die ander hoopvolles maar hul hoop begrawe.**' (1)
- 1.4 Haal 'n woord uit die middelste kolom aan wat sê dat begrafnisse baie duur is. (1)
- 1.5 Waar het die Randburgse Metodistekerk die prys wat 'n mens in die lotery kon wen, gekry? (1)
- 1.6 Waarom dink mnr. Collinge dat dit nie verkeerd is om 'n begrafnis as prys in 'n kompetisie te gee nie? (1)
- 1.7 Haal 'n sin aan wat sê dat mnr. Collinge sy werk as 'n **besigheid** beskou. (1)
- 1.8 **"'n Gelukkige Gautenger is 'n begrafnis ryker."** Noem **drie dinge** waarvoor die R8 000-begrafnis wat die Gautenger gewen het, **nie** sal betaal nie. (3)
- 1.9 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is, en haal woorde aan om jou antwoord te bewys:
- 1.9.1 Mnr. Collinge hou daarvan dat mense hulle eie inisiatief by begrafnisse moet gebruik. (2)
- 1.9.2 Baie mense het al voorheen begrafnisse gewen. (2)
- 1.10 **"Al wat ons wil doen, is om 'n dag vol pret te hê. "**
- 1.10.1 Waarom was hierdie 'dag vol pret' nie so genotvol vir die biskop van die Metodistekerk nie? (1)
- 1.10.2 Wat, dink jy, kon hulle eerder gedoen het om 'n dag vol pret te hê? (1)

[18]

VRAAG 2

Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

8 redes hoekom ons dol is oor Kaley Cuoco ...

Sy't ons aandag getrek as die pragtige, lawwe Bridget Hennessy in die treffer-komediereeks *8 Simple Rules* en is sedertdien 'n bekende gesig op ons skerms



1 SY HOU VAN UITDAGINGS
Sy het onlangs 'n rol in 'n TV-fliek, *To Be Fat Like Me*, gespeel. Dit gaan oor 'n jong meisie wat 'n vetpak aantrek om te kyk hoeveel vooroordeel en onverdraagsaamheid oorgewig tieners moet verduur.

2 SY IS 'N GEBORE STER
Sy het op drie begin tennis speel, op ses model geword en kort daarna haar eerste rol losgeslaan. Sy was in die middel van die 1990's 'n suksesvolle kinderakteur in fliks soos *Virtuosity* (1995) en *Picture Perfect* (1997).

3 SY IS 'N TV-PRINSES
Sy het rolle gehad in *My So-Called Life* en *7th Heaven*. Sy het ook Billie Jenkins, 'n nuwe heks in die agtste seisoen van *Charmed*, gespeel en gaan in twee episodes van *Prison Break* te sien wees.

4 SY HOU VAN PRET
Nadat lede van Ashton Kutcher se kameraspan op MTV se *Punk'd* haar 'n poets gebak het, het sy voorgestel dat al sy slagoffers saamspan in 'n program, *Get Ashton*, om hom in eie munt terug te betaal.

5 SY HOU VAN DIERE
Sy het drie honde (Petey, Lucy en Little Leo), 'n perd (Bojangles, of kortweg Bo) en 'n kat (Daisy).

6 SY HET GOEIE SMAAK WAT MANS BETREF
Sy het 'n rukkiele met Kevin Zegers (*It's a Boy Girl Thing*) uitgegaan en sê nog 'n bekende wat haar knieë lam maak, is Michael Vartan (Vaughn in *Alias*). "En ek dink *SpongeBob SquarePants* is baie aantreklik."

7 SY IS SPORTMAL
Sy hou van skopboks, toltrap, kegelbal, tennis en perdry. "Buiten my werk is perdry my passie. Mense kan hulle nie indink dat ek vuil raak nie, maar dis juis waarvan ek hou."

8 SY'S DOODNORMAAL
Sy het eenkeer so baie spoedboetes gekry dat dit 'n jaar geduur het om haar bestuurdersrekord skoon te kry. Sy is 'n winskopie-jagter en haat dit as iemand klip-hard kougom kou.

BRONNE: WIKIPEDIA.ORG; WWW.TV.COM/KALEY-CUOCO; WWW.IMDB.COM

DIE DERDE SEISOEN VAN *8 SIMPLE RULES* BEGIN OP 26 FEBRUARIE OM 19:30 OP SABC3.

[Uit *Huisgenoot*: 2 Februarie 2007]

- 2.1 Waarom, dink jy, het *Huisgenoot* spesifiek **8 redes** gekies waarom hulle dol is oor Kaley Cuoco? (1)
- 2.2 Kaley het in die fliek **To be fat like me** 'n vetpak aangetrek om te kyk hoeveel **vooroordeel** en **onverdraagsaamheid** oorgewig tieners moet verduur. Gee 'n voorbeeld van die soort aanmerking wat iemand sou maak as hulle **bevooroordeeld** of **onverdraagsaam** teenoor 'n vet tiener is. (Jou aanmerking moet **oorspronklik** wees!) (1)
- 2.3 Ons lees by punt 2 in die artikel dat Kaley op drie begin tennis speel het. Haal 'n **subopskrif/rede** later uit die teks aan wat sê dat sy **nog steeds van sport hou**. (1)
- 2.4 Waaroor handel die TV-reeks **Charmed** skynbaar? Gee **slegs een woord** as antwoord. (1)

- 2.5 Waarom gaan die naam van die program wat Kaley en 'n paar ander mense beplan om te maak **Get Ashton** wees? (1)
- 2.6 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken as iemand jou '**knieë lam maak**' (punt 6). (1)
- 2.7 Hoe kan 'n mens uit punt 6 sien dat Kaley '**n goeie sin vir humor** het? (1)
- 2.8 Kyk na punt 8 – **Sy's doodnormaal**. By hierdie punt word drie beskrywings gegee wat Kaley doodnormaal laat lyk. Watter **een** van hierdie beskrywings laat haar die meeste na 'n alledaagse, doodnormale mens lyk? Verduidelik ook waarom jy so sê. (2)
- 2.9 Maak **twee afleidings/gevolgtrekkings** oor '**8 Simple Rules**' uit die beskrywende woord '**trefferkomediereeks**'. (2)
- 2.10 Van watter **karaktertrek** van Kaley hou jy die meeste en sê ook waarom jy so sê. (1)

[12]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 3**

Jy het dringend ekstra geld nodig en het besluit om jou rommel te gebruik om ekstra geld te maak. Jy besluit om al die onnodige dinge by jou huis by 'n vlooiemark te gaan verkoop.

Kyk na die wenke hieronder oor hoe om jou vlooiemarkstalletjie goed te laat verloop. Stel nou 'n kort lysie van **7 punte** op van die belangrikste dinge wat jy moet onthou.

- Nommer jou lysie van 1 tot 7.
- Jou lysie moet 100 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou lysie neer.
- Probeer jou lysie sover moontlik in jou eie woorde skryf.
- Moenie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Skryf jou lysie in volsinne.

VLOOI-MARK-VOORBEREIDINGS

As jy met 'n klomp onnodige dinge in jou huis sit, soos ou kombuisware, boeke, ornamente, juwele, langspeelplate – noem maar op – is dit dalk tyd om aan 'n tafel by 'n vlooiemark te dink. Wat vir jou onbruikbaar geword het, is dalk net die ding waarna iemand anders soek. Boonop kan dit rande in jou sak beteken!

Onthou dat sommige vlooiemarkte privaat gereël word, of soms deur plekke soos kerke. Onthou net dat daar 'n verskil is tussen 'n vlooiemark, waar gebruikte goedere verkoop word, en 'n handwerkmark, waar tuisgemaakte ware verkoop word.

Merk al die artikels wat jy wil verkoop vooraf. Kopers haat dit om gedurig navraag oor pryse te doen. Gebruik vetkryt of skryf met 'n viltpen op maskeerband. As jy wonder wat om vir 'n item te vra, vra jouself af wat jy bereid sal wees om daarvoor te betaal. Wees bereid om met voornemende kopers oor die prys te onderhandel.

Sorg dat jy vroegoggend opdaag en jou staanplek inrig. As die eerste kopers kom, moet jy gereed wees om hulle te bedien. Dan is daar nie tyd vir uitpak nie. Moet ook nie alleen gaan nie. Neem altyd iemand saam. As jy toilet toe wil gaan, kos gaan koop of dalk self 'n draai deur die mark wil loop, het jy iemand wat die tafel kan beman.

Maak of koop vir jou 'n opvoutafel. 'n Ou binnedeur en twee opvou-bokkies is voldoende. Sommige vlooiemarkte vereis ook dat jou tafel met 'n tafeldoek bedek word. 'n Dag by die mark kan baie lank word as jy die hele tyd op jou voete moet staan. Neem dus opvoustoele saam. Neem ook 'n sonhoed of sambreel saam – na 'n paar uur in die bakkende son gaan dit voel asof jou brein kook.

Daar is nie tyd om vir kleingeld rond te skarrel wanneer die vlooiemark besig begin raak nie. Sommige kopers gaan groot note aan jou oorhandig. Neem vroegtydig genoeg kleingeld saam.

[Verwerk uit <mieliestronk.com>]



10 punte

AFDELING C POËSIE**VOORBEREIDE GEDIG****VRAAG 4 SUNNYSIDE SE GARDENS – Pirow Bekker**

1 Kom na my tuin, dis 'n spiknuwe tuin -
 2 met twee yslike palms met wind in die kruin:
 3 o wandel gerus, dis geen plank wat daar woer
 4 die hyskraan is af, sy laaste taak is volvoer –
 5 hy't die palms groot-groot in hul gate laat sak
 6 en gehelp met hul ankers; net totdat hul vat,
 7 sal drade om die nek en stutte aan die voet
 8 ongelukkig moet bly, daarna sal die vloer
 9 van sement hul kan hou. Die belangrikste saak
 10 is dat mense uit wans uit sal sien waarom noem
 11 ons ons tuiste hier: Gardens. Of beter nog: Park.

12 Kom na my flêt, dis 'n skielike plek -
 13 daar's 'n deur in die kosyn plus 'n ysterhek,
 14 maar ek loer deur 'n gaatjie en die staal-konsertina:
 15 Kom binne, kom binne, die son's nou net weg,
 16 hy sal laatmiddag weer kom, miskien, nie te sleg,
 17 dis buitendien warm. Jy voer 'n fluistergesprek,
 18 volkome onnodig, die plafon's dikker as ons dink,
 19 ons kan maar baklei, ons kan selfs rinkink:
 20 Kom staan hier by my, by dié ruit: jy kyk vas
 21 teen 'n muur van terra-cotta. Maar kyk effe links,
 22 kyk verby die muur – wat sien jy nou? Is dit nie gras?



- 4.1 Ons lees in versreël 1 van 'n **spiknuwe tuin**. Gee 'n meer algemene woord vir **spiknuwe**. (1)
- 4.2 Watter inligting sê vir die leser dat die palms reeds **volgroeid** is? Gee twee **aanhalinge** uit strofe 1. (2)
- 4.3 Watter 2 aparte woorde impliseer dat die spreker **onveilig** voel in sy woonstel? (2)
- 4.4 Verduidelik waarom die spreker in strofe 1 eerder die woord **flêt** as die woord **woonstel** gebruik. (1)
- 4.5 Waarom, dink jy, word die woorde "**Kom binne**" in reël 15 herhaal? (1)
- 4.6 Watter **voordeel** hou die woonstel se dik plafon vir die spreker en sy besoekers in? Sê in jou eie woorde. (1)
- 4.7 Waarom sal die naam **Park** waarskynlik 'n beter naam vir die kompleks wees as die naam **Gardens**? (1)
- 4.8 Lees die gedig nou weer eenmaal deur. Verduidelik dan in **een sin** hoe die inhoud van die **twee strofes** van mekaar verskil. (1)

[10]

SONATA* - Annesu de Vos (*onvoorbereide gedig*)

- 1 ons vriendskap
 2 was 'n middagmelodie
 3 van vier tot vyf
 4 tussen die koel geheime
 5 mure
 6 van die plat wit huis
 7 waarin jy bly
- 8 en buite
 9 het die luisterende plante
 10 oor die dak gerank
 11 gekartel
 12 in die harmonie
 13 van fluisterende klank
- 14 nou is ons vriendskap
 15 net die stilte
 16 na die simfonie
 17 en op 'n reënerige nag
 18 herskep ek dit
 19 met wit gepunte vingers
 20 tot 'n temerige klag
 21 op my klavier
- 22 want ek verlang na jou
 23 en huil alleen
 24 omdat jy vir my lag

* *Italiaans vir **sonate**, 'n musiekstuk met drie of meer gedeeltes, gewoonlik vir die klavier geskryf.*

5.1 Die titel van die voorbereide gedig is **Lied van die fietsers**.

5.1.1 Wat word die **lied** van die onvoorbereide gedig genoem? (1)

5.1.2 Wat, sou jy sê, is die grootste **verskil** tussen die twee titels? (Kyk veral na die verklaring by die asterisk.) (2)


5.2 'van vier tot vyf' dui op die tyd van die dag wanneer die twee 'verliefdes' in **Sonata** mekaar gesien het.

5.2.1 Wat sê dit egter ook van die duur van hul vriendskap? (1)

5.2.2 Hoe lank het die 'vriendskap' in **Lied van die fietsers** skynbaar geduur? (1)

5.2.3 Wat, sou jy sê, was die grootste **verskil** tussen hierdie twee verhoudings? (1)

- 5.3 Die spreekster in **Lied van die fietsers** verloor haar 'geliefde' aan die einde van die gedig wanneer hy weer saam met die ander fietsers vertrek. Dit maak haar baie hartseer en sy mis hom nog steeds.
- 5.3.1 Hoe tree die spreekster in **Sonata** se geliefde op wat haar hart nog seerder maak? (1)
- 5.3.2 Op watter manier wys hierdie spreekster haar hartseer gevoelens? (Moenie net sê dat sy huil nie!) (1)
- 5.4 5.4.1 As 'n mens daaraan dink dat **Lied van die fietsers** gedurende die apartheidsjare in Suid-Afrika deur 'n wit meisie geskryf is, waarom kan 'n mens dalk sê dat 'n verhouding met dié fietser van die begin af gedoem was? (1)
- 5.4.2 Noem twee dinge uit die gedig **Sonata** wat wys dat hierdie twee geliefdes se verhouding moontlik ook ontoelaatbaar was. (2)
- 5.5 Kyk na die **tipografie van die versreëls** in **Lied van die fietsers**. Gee 'n moontlike verduideliking waarom die digter so 'n onreëlmatige **bou** vir die gedig gekies het. (1)
- 5.6 5.6.1 Kyk na die volgende prentjie van 'n fietser. Noem **vier ooglopende redes** waarom dit **nie** die fietser kan wees op wie die spreekster in die gedig verlief geraak het nie. (4)
- 5.6.2 Watter ooreenkoms is daar wel tussen die prentjie en die fietser op wie sy verlief geraak het? (1)



- 5.7 Watter **ooreenkoms** is daar aan die einde van die gedig tussen die twee spreeksters in die gedigte? (1)
- 5.8 Hoe verskil die lag van die fietser en dié van die geliefde in **Sonata**? Sê kortliks. (2)


[20]

30 punte

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 6 Sinstrukture

Bestudeer die volgende wenke oor hoe jy jou huis veiliger kan maak. Skryf dan die daaropvolgende sinne oor soos aangedui.



- 6.1 Die straatnommer is verlig en kan van die straat af gesien word.
 - 6.1.1 Die straatnommer is verlig sodat ... (1)
 - 6.1.2 Die straatnommer is verlig om ... (1)
- 6.2 Die eienaar sluit die buitegebou en loop elke aand om die huis.
 - In die verlede ... (1)
- 6.3 Ons plant geen struik naby die hek nie, want potensiële diewe kan daar wegkruip.
 - 6.3.1 Ons plant geen struik naby die hek nie, anders ... (1)
 - 6.3.2 Ons plant geen struik naby die hek nie, omdat ... (1)
 - 6.3.3 Geen struik ..., want potensiële diewe kan daar wegkruip. (1)
- 6.4 Ons het 'n oudiovideo-toegangstelsel by die buitehek om ons veilig te hou.
 - 6.4.1 By ons vorige huis ... (1)
 - 6.4.2 Volgende week ... (1)

6.5 Daar is 'n alarmwaarskuwingsteken. Ons het dit teen die buitemuur opgesit.

Daar is 'n alarmwaarskuwingsteken wat ... (1)

6.6 Die buitemuur is baie skeef gebou. Ons het die waarskuwingsteken teen die buitemuur opgesit.

Die buitemuur waarteen ... (1)

[10]

VRAAG 7

Kyk na die strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.



7.1 Watter woord in die strokie is van die Engelse woord **alright** afgelei? (1)

7.2 Gee die **meervoud** van die volgende woorde:

7.2.1 rug (1)

7.2.2 been (1)

7.3 Kappies (^) en deeltkens (·) word gebruik om woorde se uitspraak te bepaal. Plaas nou óf 'n kappie óf 'n deeltken op die volgende woorde om hul uitsprake te bepaal:

7.3.1 wereld (1)

7.3.2 geïnteresseerd (1)

7.4 Gee 'n **antoniem** vir die woord **afdraend**. (1)

7.5 Gee die **afkorting** van die woord **meneer**. (1)

7.6 Beantwoord die volgende vraag soos aangedui:

"Neelsie, het jy al begin trap?"

"Nee, Meneer, ek ... " (1)

[8÷2=4]

VRAAG 8

Kyk na die strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.



- 8.1 Maak sinne met die volgende woorde om die verskil in betekenis aan te dui:
- 8.1.1 twee-uur (1)
 - 8.1.2 twee uur (1)
- 8.2 Wat noem 'n mens die persoon wie se bene op elke prentjie onder die lessenaar uitsteek? (1)
- 8.3 Gee die **trappe van vergelyking** van die woord **onregverdig**. (1)
- 8.4 Wat beteken die volgende uitdrukking: **ses van die bestes**? (1)
- 8.5 Vul die ontbrekende woord in:
..., beter, beste (1)
- 8.6 Gee die **korrekte vorm** van die woorde tussen hakies:
- 8.6.1 Neelsie kry eenhonderd sinne om (uitskryf). (1)
 - 8.6.2 Neelsie moet uit drie verskillende (straf) kies wat hy wil doen. (1)
 - 8.6.3 Neelsie dink dit is 'n (regverdig) straf as hy vir vyf dae geskors word. (1)
 - 8.6.4 Neelsie (word) verlede week gestraf omdat hy baie stout was. (1)


[10 ÷ 2 = 5]

VRAAG 9 Kommunikasie-situasies**Doen die volgende by elke vraag:**

- Lees elke keer die situasie wat beskryf word, aandagtig deur.
- Skryf dan die persoon se woorde direk neer soos dit gepraat word.
- Elke spreekbeurt moet twee sinne bevat.
- Skryf 'n totaal van ongeveer 20 woorde by elke spreekbeurt.

- 9.1 Dit is die man en vrou se **huweliksherdenking**. Hy het haar vir 'n **romantiese ete** na 'n restaurant toe geneem. Hy **stel 'n heildronk (toast) op haar in**. Skryf sy **romantiese** en **liefdevolle** woorde neer. Skryf **twee** sinne.

(4)




- 9.2 Die seuntjie is baie skaam om oor die telefoon te praat. Sy ouma wil weet wat hy vir sy verjaarsdag wil hê. Hy is baie **beleefd, het goeie maniere** en **hy vra nie vir 'n baie duur geskenk** nie.

Skryf die woorde neer wat die seuntjie vir sy ma sê om oor die telefoon aan sy ouma te sê. Skryf **twee** sinne.

(4)



VRAAG 10 **Kommunikatiewe taalgebruik**

Peter en Linda wil 'n **simpatie-kaartjie** vir 'n vriendin koop wie se pa oorlede is. Hulle kan nie 'n gepaste kaartjie kry nie. Linda besluit om 'n **leë kaartjie** te koop en haar **eie woorde van simpatie** in die kaartjie te skryf.

Skryf nou Linda se woorde neer soos sy dit in die kaartjie geskryf het. Skryf ongeveer 30 woorde. Gebruik meer as een sin.

(3)

30 punte

Totaal: 100 punte